Lees Graad 6

Hond se beste vriend?

Lydia Gittens

Lank, lank gelede toe katte nog op hulle eie in die bos gewoon het, het ‘n gerug die rondte begin doen dat die honde tussen hulle wou kom woon. Hieroor was al die katte baie onsteld. Gemmerkat, die selfaangestelde leier, het dadelik ‘n noodvergadering byeen geroep om die saak te bespreek. Almal was daar- van die kleinste wit katjie, wat opgewonde tussen almal se bene rondgetrippel het, tot die oudste en grootste persiese kat.

“Weg met die honde! Ons soek nie honde hier nie!” miaau en grom al die katte gelyk.

“Bedaar vriende”, grom Gemmerkat kwaai. “Elkeen sal sy miaau kan miaau, maar een op ‘n slag.

“Geagte Mevrou die voorsitter…” Persiese kat rek haarself uit. “vir wat wil hulle nou tussen ons kom bly? Hulle het mos hulle eie plek.”

“Die honde voel hulle plek is te klein en dat dit veel beter is as ons saam woon.”

“Ons kan nie toelaat dat hulle hier tussen ons kom woon nie. Alle honde is vuil en hulle stink. Het julle al ooit ‘n hond gesien wat homself was?” vra Gryskat.

“Hulle vang nooit lekker kos soos rotte en muise nie. Hulle is almal te lui daarvoor” lag Witkat.

“Julle moet onthou nie een van hulle kan boomklim nie. Hulle is almal te dom” grom Swartkat.

“Dis nou genoeg, vriende, kom ons stem. Die wat wil hê die honde moet hier kom bly, lig asseblief julle sterte”, versoek Gemmerkat.

Almal se sterte bly af.

“In daardie geval sal ek dit so aan hulle leier, Wolfhond, oordra”, sê Gemmerkat ewe belangrik.

Dinge sou seker vandag nog so gewees het as dit nie was vir daardie vreeslike dag nie. Die weerlig het ‘n hoë boom raakgeslaan en gou was

daar ‘n vreeslike brand in die bos. Al die katte vlug voor die vlamme uit, maar Gemmerkat is groot en oud en sy kan nie meer so vining hardloop nie. Skielik is die vlamme reg rondom haar. Benoud miaau sy, maar niemand hoor haar nie.Sy hou aan om te miaau so hard soos sy kan… Kan geen siel haar dan hoor nie? Dan voel sy hoe iets haar aan die nek optel, met haar oor die vlamme spring en haar dan versigtig by die ander katte neersit. Gemmerkat maak haar oë stadig oop. “Baie dankie, meneer Wolfhond, U het vandag my lewe gered.”

“Gelukkig kan die meeste van ons honde goed hoor”, blaf Wolfhond tevrede.

“En julle is baie dapper”, sê Gryskat

“En baie sterk”, sê Witkat

“En glad nie dom nie”, sê Swartkat.

“Dis waar”, beaam al die katte.

“Maar onthou, ons is nie almal dieselfde nie. Elke hond is uniek en elke hond is anders”, se Wolfhond.

“Nes ons katte. Ons moet mekaar leer aanvaar en mekaar liewer help as om mekaar sleg te maak.”

Van toe af leef katte en honde in vrede saam (meeste van die tyd).